

HOOFSTUK 3

2.1 Gestaltpsigologie **GESTALTTERAPIE AS BENADERING**

1. INLEIDING

Gestaltherapie het sy ontstaan en ontwikkeling aan Fritz S. Perls te danke (Aronstam, 1989:629). Hy het sy aanvanklike opleiding in die psigoanalise gehad, wat veral die onvoltooide van 'n mens as onderwerp vir navorsing gebruik. Perls het sekere van Freud se leerstellinge verwerp en die persoonlike verwerping deur Freud het daartoe gelei dat hy sy bande met die psigoanalise finaal verbreek het (Aronstam, 1989:629).

Perls het verder op Freud se Psigoanalitiese teorie uitgebrei en 'n nuwe teorie hierdeur begin. Perls het onder andere twaalf jaar in Suid-Afrika gewoon en in die tyd het hy al die basiese idees geformuleer wat hy later die Gestaltherapie sou noem (Thompson & Rudolph, 1992:109).

Gestaltiste se grondstelling is dat bewussyn 'n komplekse verskynsel is waar die som van die dele anders as die gestruktureerde geheel is. Hierdeur het die Gestaltiste die bewuste erken. Die Gestaltpsigoloë spreek hulself teen die opbreking van menslike gedrag uit. Volgens hulle is die totaliteit van menslike gedrag en die onderlinge verband daartussen van waarde. 'n Betekenisvolle en gestruktureerde geheel (Gestalt) van die menslike gedrag ontwikkel wat dus uit meer as die afsonderlike elemente saamgestel is (Louw, 1982:28).

2. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE TEORIE

Fritz S. Perls in Aronstam (1989:639) wys daarop dat Gestaltherapie nie uitsluitlik uit nuwe en revolusionêre idees bestaan nie, en dat daar 'n wye beïnvloeding vanuit ander teoretiese modelle was.

Die belangrike invloede waaruit Gestaltterapie ontstaan het, is:

2.1 Gestaltpsigologie

Die Gestaltpsigoloë het in reaksie op die psigoanalitiese en behaviouristiese benaderings 'n teorie voorgestaan wat op die beginsel gebaseer was dat psigologiese verskynsels georganiseerde en saamgestelde totaliteite eerder as die konstellasië van afsonderlike dele was (Passons, 1975:12).

2.2 Gestaltvorming en destruksie

Waar die Gestaltpsigoloë op die proses van Gestaltvorming by eksterne waarnemings klem gelê het, het die Gestaltterapeute die figuurwaarneming van Gestalt wat in die liggaam en in die verhouding van die persoon tot sy omgewing vorm, beklemtoon (Aronstam, 1989:630).

Die klassieke psigoanaliste beskou die onbewuste en gebeurtenisse in die verlede as die belangrikste fokus in psigoterapie. Hierteenoor is die hede die enigste realiteit waarmee die Gestaltterapeut werk. 'n Gestalt is dan 'n vorm, 'n konfigurasie of 'n totaliteit wat as 'n saambindende eenheid eienskappe besit wat meer as die totaliteit en onderlinge verhoudinge van die afsonderlike dele is. Dit kan na fisiese strukture, fisiese en psigiese funksies of simboliese eenhede verwys (Thompson & Rudolph, 1992:109).

3. TERAPEUTIESE DOELWITTE

Volgens Corey (1990:319) is die doel van Gestaltterapie om die individu van homself/haarself bewus te maak sodat hy/sy groter verantwoordelikheid vir sy/haar lewe kan aanvaar en beheer oor sy/haar lewe kan neem.

Volgens Corey (1990:319-320) behels die terapeutiese doelstellings van Gestaltterapie die volgende:

- integrasie van polariteite in die self;
- om kontak met die self en ander te bewerkstellig;
- om selfstandigheid in plaas van afhanklikheid te bewerkstellig;
- om die kliënt bewus te maak van wat sy/hy in die hier-en-nou ervaar, beleef, fantaseer en voel;
- om insig in aksie te omskep; en
- om selfinsig met kreatiewe eksperimentering van nuwe gedrag op te volg.

4. TERAPEUTIESE PROSES

Verskeie skrywers (vergelyk Corey, 1990:324 en Thompson & Rudolph, 1992:112) beskryf die proses van psigologiese ontwikkeling. Volgens Gestaltherapeute is daar vyf lae of stappe vir die proses van lewe:

Die verloop en groeiproses in terapie is soos volg:

4.1 **Valse laag (“Phony layer”)**

Dit is die fase waar die individu voorgee om iemand te wees wat hy/sy nie is nie. Volgens Belkin (1980:242) word hierdie eerste laag ook die “asof” laag genoem, omdat speletjies met die kind gespeel word om sy/haar bewustheid van die self te verhoog. Die eerste fase van terapie word deur die ontwikkeling van ‘n vertrouensverhouding gekenmerk en om kontak met die kind te bewerkstellig. Hierdie laag word ook deur onvoltooidhede binne ‘n persoon wat selde opgelos word, gekenmerk.

4.2 **Fobiese laag**

Die individu word in hierdie fase van sy/haar valse “speletjies” (voorgee) en sy/haar vrees wat die “speletjies” instand hou, bewus. Die individu probeer in hierdie fase om emosionele pyn te vermy en vrees verwerping.

4.3 “Impasse” laag

Tydens hierdie fase is die individu daarvan oortuig dat hy/sy nie die nodige hulpbronne binne homself of die omgewing het om te verander nie. Dit gebeur dat die individu in hierdie fase tydens die groeiproses vasval.

4.4 Implosiewe laag

Tydens hierdie fase begin die individu die ware self blootstel. Die individu raak van sy/haar eie beperkinge bewus en begin met nuwe gedrag en optrede eksperimenteer. Die individu begin ook sy/haar verdedigingsmeganismes opgee.

4.5 Eksplosiewe laag

Sodra eksperimente met nuwe gedrag suksesvol is, word hierdie fase in die groeiproses bereik. Hierdie fase word deur die vrystelling van ongebruikte energie gekenmerk, wat die individu opgegaar het om 'n valse (“phony”) bestaan in stand te hou.

Volgens Thompson & Rudolph (1992:113) is die terapeutiese proses “ ... emphasizes direct experiences. It focuses on achieving awareness of the here and now and frustrating the client in any attempt to break out of this awareness.”

Navorsers is van mening dat die waarneming van die kind se houding tydens terapie van groot belang is. 'n Meer betekenisvolle aanduiding kan verkry word deur te let op liggaamshouding en nie-verbale kommunikasie as die verbale inligting wat verkry word. Verder is die navorsers van mening dat die terapeut ook op sy eie gevoel moet staatmaak en hom dan daardeur moet laat lei.

5. **KIND AS KLIËNT** MERKE VAN DIE KIND AS KLIËNT

Navorsers is van mening dat voordat daar met terapie met die kind begin kan word, daar eers 'n duidelike begrip van die kind as kliënt verkry moet word. Een van die opvallendste kenmerke van terapie met die kind is dat die kind anders as die volwassene behandel moet word. Juis om hierdie rede bied speltherapie 'n vorm van kommunikasie waarvolgens daar met die kind in sy eie taal gekommunikeer kan word.

Verder is navorsers ook van mening dat om met die kind as unieke individu te kan werk, word deeglike kennis en insig van die kind se belewenisse en funksionering geveer. Sonder kennis en begrip van die kind as kliënt kan leiding verskaf word wat die kind se unieke ervarings en behoeftes misken, sodat terapie derhalwe bemoeilik kan word. Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:6) verskil die kind ten opsigte van ontwikkelingsvlak, kommunikasie, hantering van die kliënterol en terapeutiese verhouding van die volwassene.

5.1 **Kenmerke van die kind as kliënt**

Navorsers beweer dat die kenmerke van die kind as kliënt van die volwasse kliënt verskil. Die volgende tabel word verskaf wat van die belangrikste kenmerke van die kind as kliënt aandui:

Ontwikkelingsvlak	Kommunikasie	Terapeutiese
- Neem langer om insig te verkry	- Beperkte kommunikasie	- Demokraties Wys
- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Nie-verbale kommunikasie	- Sensitief vir valsheid
- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Spontaan
- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Kan afhanklik raak
- Nie gewoond aan eie besluite nie	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Plaas terapeut in verskillende rolle, volgens behoeftes
- Hanteer terminasie moeilik	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Dikwels 'n "gedwonge" kliënt
- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Ouers moet betrek word by terapie. Kan nie met kind in isolasie werk nie

(Vergelyk Schoeman & Van der Merwe, 1996:6 en Oaklander, 1988:123)

TABEL 4: KENMERKE VAN DIE KIND AS KLIËNT

Ontwikkelingsvlak	Kommunikasie	Terapeutiese verhouding
- Gedrag of optrede is onvolwasse	- Woordeskat is beperk - Verbale taal is baie onderontwikkel	- Kind is nie gewoon aan aandag en individualisasie nie
- Neem langer om insigte ontwikkel	- Beperkte vermoë om gevoelens te verbaliseer	- Demonstratief: Wys gevoel duidelik
- Beperkte vermoë om fantasie en realiteit van mekaar te onderskei	- Taal wissel van kinderagtig tot gesofistikeerd	- Opreg en eerlik
- Beperkte vermoë tot empatie	- Nie-verbale kommunikasie is baie prominent	- Sensitief vir valsheid - Spontaan
- Swak selfinsig en kennis	- Lang stiltes kan voorkom	- Kan afhanklik raak
- Beperkte vermoë om konflik te hanteer		- Plaas terapeut in verskillende rolle, volgens behoeftes
- Nie gewoon aan eie besluite nie		- Dikwels 'n "gedwonge" kliënt
- Hanteer terminasie moeilik		- Ouers moet betrek word by terapie. Kan nie met kind in isolasie werk nie

(Vergelyk Schoeman & Van der Merwe, 1996:6 en Oaklander, 1988:123).

Volgens Schoeman (1996:76) en Smith (1981:97) is daar ook ander kenmerke wat die kind as kliënt van volwassenes onderskei. Dit behels die volgende:

- Die kind het 'n onvermoë om homself as kliënt te sien.
- Die kind se optrede is onryp.
- Sy optrede hou met sy ouers se optrede verband.
- Die kind het onverwoorde gevoelens.
- Hy kan homself nie in die ouer se rol plaas nie.
- Formaliteit is onaanvaarbaar.
- Afhanklikheidstendens kan sterker wees.
- Terapeut het 'n verantwoordelikebesef teenoor die kind.
- Kind is onbewus van 'n behoefte om gehelp te word.
- Kan nie op volwassenheid aanspraak maak nie.
- Kan nie oordeel wanneer terapie gestaak moet word nie.

Navorsers is van mening dat terapie met kinders 'n unieke ervaring is. Dit beteken dat die terapeut deel van die kind se leef- en ervaringswêreld moet word. Elke individuele kind se terapeutiese proses verloop op sy eie unieke manier. Daarvolgens moet die terapeut aan die kind die geleentheid bied om sy eie proses te deurloop. Vervolgens word die proses van die kind beskryf.

5.2 Kind se proses

Die kind se proses verloop aan die hand van verskeie funksies, naamlik:

5.2.1 Kontakfunksies

* **Sintuiglike waarneming**

Volgens Oaklander (1988:109) maak die kind deur middel van sy sintuiglike waarneming (smaak, sien, hoor, ruik en voel) kontak met homself en sy wêreld.

'n Kind moet die geleentheid hê om met sy eksterne wêreld kontak te maak, omdat hy deel van daardie wêreld is. Die sintuie is daarop ingestel om kontak met die eksterne wêreld te kan maak (Passons, 1975:74).

- **Gevoel (aanraking):** Volgens Schoeman (1996:84) is die vel die grootste orgaan, maar dit geniet dikwels die minste aandag. Kontak deur 'n ander persoon dra 'n sensoriese boodskap. Mense verken hulle wêreld grootliks deur middel van gevoel. Sensoriese stimulasie kan deur middel van water, klei, sand en verf plaasvind. Hierdie hulpmiddels kan die kind help om in kontak met sy gevoelens te kom.
- **Sien:** Volgens Oaklander (1988:113) is visie die hoof koördinerings-sensoriese modaliteit. Deur visie kom die kind met die fisiese wêreld om hom/haar in kontak. Kinders geniet dit om te kyk en stel graag ondersoek na die wêreld om hulle in. Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:43) is elke mens se persepsie anders, en word lyne en vorms gebruik om 'n geheelbeeld (Gestalt) te vorm. Indien met visuele hulpmiddels tydens terapie gewerk word, moet dofheid, helderheid, vorm en kleur in ag geneem word.
- **Hoor:** Volgens Thompson & Rudolph (1992:119) is die kind wat nie kan hoor nie, ook nie met sy emosies en visie in kontak nie. Oaklander (1988:113) noem dat die toelating van klank in die kind se bewustheid die eerste stap tot kontakmaking en kommunikasie is. Die kind kan van klanke bewus gemaak word deur na musiek, voëltjies en alledaagse geluide te luister.
- **Ruik:** Reuke help om te bepaal wat in die omgewing aangaan. Die kind kan in 'n gesprek gelei word om reuke wat vir hom aangenaam of onaangenaam is, aan 'n gebeurtenis te koppel. Die kind kan tydens terapie aan verskillende reuke blootgestel word en oor sy/haar ervaring praat (Schoeman & Van der Merwe, 1996:45).

- **Smaak:** Die tong help om tussen smake soos suur, soet, bitter en sout te kan onderskei. Verder is die tong ook vir die uitdrukking van emosies belangrik, soos om vir iemand tong uit te steek as teken van aggressie of ontevredenheid. Die tong is ook belangrik in die vorming van woorde en die uitdrukking van emosies. Elke kind ontwikkel 'n unieke smaak met sy voor- en afkeure.

* **Asemhaling**

Oaklander (1988:138) noem dat asemhaling 'n belangrike deel van liggaamsbewustheid uitmaak. Die asemhaling hou met angs, spanning en vrees verband wat in die terapeutiese situasie hanteer moet word. Die kind kan deur middel van asemhaling gehelp word om te ontspan. 'n Ontspanningsoefening of 'n fantasie kan gebruik word om die kind op sy gemak te laat voel. Hierdie is ook 'n assesseringshulpmiddel wat help om die kind se proses te lees. Beheer ten opsigte van asemhaling bied aan die kind ook beheer oor sy liggaam.

* **Liggaamshouding**

Aangesien die kind se taalontwikkeling nog nie voltooi is nie, maak hy sterk op nie-verbale kommunikasie aanspraak. 'n Neerdrukkende of geboë liggaamshouding hou met fisiese- en emosionele probleme verband. Kinders met 'n swak selfbeeld is dikwels onbekend met hulle liggame en wat hulle kan doen. Die kind se liggaamshouding en gesigsuitdrukking is dus belangrik tydens terapie en die terapeut moet daarop ingestel wees om daarop te let (Oaklander, 1988:284).

5.2.2 Selfonderskraging

* **Selfgerigte stellings**

Gestaltterapie help die kind om van sy proses, deur eksperimentering met

nuwe gedrag bewus te word. Selfgerigte stellings help om die kind se bewustheid in die hier-en-nou te verhoog. Voorbeelde van selfgerigte stellings is die volgende:

- Die kind fokus op die hede: Hy skryf van watter dinge hy nou bewus is.
- Leer om "ek" boodskappe in plaas van "jy" boodskappe te gee.
- Kind verander vrae in stellings om meer selfgeldend op te tree.
- Kind voltooi sinne soos: Op hierdie oomblik voel ek?

(Thompson & Rudolph, 1992:114).

5.2.2 Emosionele Utdrukking

* **Bemeestering**

Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:67) moet die terapeut die kind se vermoë tot selfstandigheid ontwikkel. Die vordering in die hantering van die probleem bring 'n gevoel van bemeestering mee wat groei by die kind bewerkstellig.

Oaklander (1988:282) noem die volgende riglyne om die kind te bemeester:

- luister en erken die kind se gevoelens;
- hanteer die kind met respek;
- aanvaar die kind;
- gee erkenning vir spesifieke prestasies; en
- wees altyd eerlik met die kind.

Navorsers is van mening dat opdragte wat aan 'n kind tydens die terapeutiese proses gegee word, bemeester moet kan word. Dus moet die kind se ontwikkelingsvlak in gedagte gehou word by die gegee van opdragte. Sodra die kind die gegewe opdrag voltooi en bemeester, sal dit aan hom 'n gevoel van beheer gee.

* **Beheer**

Beheer hou met bewustheid van die self en selfaanvaarding verband (Oaklander, 1988:61). Volgens Thompson & Rudolph (1992:111) en Schaefer & O'Connor (1994:309) is bewustheid om met die self in kontak te wees. 'n Persoon is met homself in kontak deur sy bewustheid van sy gevoelens en behoeftes. Die terapeut gee aan die kind beheer deur hom toestemming te gee om homself te wees.

5.2.3 Emosionele Uitdrukking

* **Gevoelens**

Kinders is nie met gevoelens bekend nie (vergelyk Oaklander, 1988:122 en Schoeman, 1996:76). Die belangrikste struikelblok wat die verbalisering van emosies blokkeer, is weerstand of verdedigingsmeganismes. Kinders moet geleer word watter verskillende gevoelens daar is en dat gevoelens besit en gedeel kan word. Gevoelens word deur middel van ons liggame ervaar en uitgedruk.

* **Projektering van gevoelens**

Projeksie is die neiging om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self ontstaan. Deur projeksie onteien die individu sy impulse en ook die dele van homself waar die impulse ontstaan (Aronstam, 1989:638).

Volgens Oaklander (1988:145) is projeksie 'n wyse wat kinders het om hulle eie ervaringe te ontken.

Projeksie dien die volgende doel:

- bied die geleentheid om die verwagtinge van ander te verwerk;
- manier om onverwerkte aangeleenthede uit te beeld;

- beskerm die kind teen kritiek en verwerping; en
 - die kind kommunikeer sy behoeftes op iets anders
- (Schoeman & Van der Merwe, 1996:64 en McMahon, 1992:87).

Volgens die navorser voel die kind soms 'n onvermoë om sy gevoelens (aggressie, woede, hartseer) te verbaliseer en word dit na ander geprojekteer. Om te bepaal hoe 'n kind werklik voel, is dit belangrik om sy gevoelens te projekteer.

* **Besit van gevoelens**

Volgens Oaklander (1988:123) word gevoelens deur kinders vermy deur dit weg te stoot, te ontken en weg te steek. Slegs deur aan die gevoelens uiting te gee of dit te erken, kan dit hanteer word. Verder hou gevoelens ook met bewustheid en die gesonde persoonlikheid verband. Die kind moet dus meer van sy liggaam bewus word en dus ook sy gevoelens. 'n Kind besit dus sy gevoelens sodra hy daarmee bekend is. Sodra die gevoelens besit word, kan dit hanteer word.

Navorser is van mening dat bogenoemde daarop wys dat die mens 'n Gestalt is. Die Gestalt is in balans wanneer mens met homself in kontak is en sy gevoelens besit.

* **Hantering van gevoelens**

Schoeman en Van der Merwe (1996:52) noem dat onopgeloste gevoelens by 'n kind soveel energie opneem dat daar nie genoeg energie oorbly om ander gevoelens te hanteer nie. Volgens Axline (1969:99) kan die terapeut die kind se gevoelens aan hom terugreflekteer om hom sodoende te help om insig in sy gevoelens te ontwikkel. Deur insig in gevoelens te ontwikkel, word die hantering van daardie gevoelens moontlik gemaak.

Daar is verskeie spelterapeutiese hulpmiddels wat die terapeut kan gebruik, byvoorbeeld verf, klei, handpoppe en potlode. Die hulpmiddels kan die kind se sensoriese en emosionele gevoelens prikkel. Dit dra daartoe by dat hy oor sy gevoelens en probleme praat (Oaklander, 1988:60).

5.2.4 Hantering van die proses

Die terapeut kan verskeie vaardighede benut om die kind te leer om sy eie gevoelens te hanteer. Oaklander(1988:123) maak van 'n bewustheids-kontinuum gebruik om 'n mens meer van hul liggame bewus te maak. Die kind word daardeur gehelp om onderdrukte gevoelens uit te druk.

Volgens Schoeman (1996:85) kan die terapeut veral op die volgende vaardighede let:

- konfrontering: fokus op onvanpaste gedrag van die kind. Dit skep ook ongemak by die kind;
- hantering van die realiteit;.
- neem verantwoordelikheid; en
- verkry genoegsame steunstelsels.

5.2.5 Terminering

Die kind moet vooraf op terminering van die terapeutiese proses voorberei word, aangesien kinders terminasie moeilik hanteer. Die termineringsdatum moet deurentyd tot op die kind se bewustheidsvlak gebring word (Levinson, 1977:481).

5.2.6 Grense

Schoeman (1996:86) noem dat grense vir 'n kind belangrik is. Die kind wat weet waar hy staan, is in 'n baie beter posisie om homself te handhaaf as die kind wat iets probeer doen en ingeperk moet word. Die kind met grense raak

met die realiteit van sy omstandighede vertrouwd (Axline, 1969:132). Die kind moet dus nie net Grense beskerm die kind se regte. Die kind het dus ook die reg om op dinge wat byvoorbeeld aan hom belowe is, aanspraak te maak. Verder bied grense ook aan die kind die raamwerk en die sekuriteit wat nodig is om in 'n gegewe situasie op te tree. Die kind moet ook gehelp word om homself binne die grense van die terapeutiese sessie te beheer (Schoeman, 1996:87).

Volgens Schoeman (1996:87) is daar voordele aan die daarstelling van grense, naamlik:

- Dit kan uitreagerende gedrag in aanvaarbare gedrag kanaliseer.
- Help die kind om op te tree soos wat van hom verwag word.
- Dit bied struktuur waarbinne die kind kan waag sonder dat hy as mens afgetakel word.
- Selfhandhawing en magsversterking word verhoog.
- Dit is gerig op behandeling en nie om die kind noodwendig aan bande te lê nie.
- Verder bied dit aan die terapeut 'n goeie demonstrasie van hoe die kind op beperkinge reageer.
- Dit bewerkstellig houdings en aanvaarding.
- Dit gee aan die kind die nodige sekuriteit.

5.2.7 Selfvertroeteling

Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:181) moet die kind in staat wees om homself te vergewe. Die ouer wat vertroetel, bewerkstellig empatie en groei by sy kind. Thompson & Rudolph (1992:231) is van mening dat oormatige vertroeteling die kind se vermoë om vir homself te sorg, versmoor en inhibeer. Dit blyk dus dat 'n goeie balans ten opsigte van die hoeveelheid vertroeteling wat aan die kind gegee word, gehandhaaf moet word.

Schoeman & Van der Merwe (1996:181) noem verder dat 'n kind moet leer om homself te vertroetel om sodoende in beheer te bly. Die kind moet dus nie net homself kan vergewe vir wat hy verkeerd doen nie, maar homself ook kan bederf.

Navorsers is van mening dat die positiewe van elke kind of situasie ten alle tye in terapie na vore gebring moet word. Dit is nodig vir die kind om integrasie van sy totale menswees te kan beleef. Die kind se veilige plekkie in sy lewe (daar waar hy veilig voel om te kan dink en voel wat hy wil), is vir sy self vertroeteling belangrik. Die kind kan byvoorbeeld in terapie gelei word om sy veilige plekkie te teken of te beskryf. Daardeur leer die kind die waarde van sy veilige plekkie vir self vertroeteling.

6. BASIESE BEGINSELS VAN GESTALTTERAPIE

Volgens Louw (1982:633) is daar vier basiese beginsels in die Gestalt terapie, naamlik:

- **Holistiese beskouing:** Verwys daarna dat die mens 'n geïntegreerde organisme is wat altyd as 'n eenheid funksioneer. Holisme is die geheel wat groter is as die som van die onderdele, dus die totaliteit van die organisme. Dit verwys na die totale eenheid van die mens (emosies, liggaam, denke, persepsies, fisiese en psigiese).
- **Homeostase:** Alle lewe en gedrag word deur homeostase of selfregulering beheer ten einde wanbalans te herstel. Die mens streef ten alle tye daarna om enige fisieke of psigiese wanbalans te herstel. Genoemde proses is dus die vervulling van behoeftes. Dit speel 'n belangrike rol in die eenheid van 'n mens. Sodra daar 'n onvoltooide Gestalt is, ervaar die mens 'n wanbalans. Dus streef die mens daarna om die balans te herstel en daardeur 'n onbevredigende behoefte te vervul. Homeostase word dus deur die voltooiing van 'n Gestalt verkry.

- **Kontakgrens:** 'n Mens is altyd in kontak met sy omgewing en het daarom grense nodig om hom van die omgewing te skei. Die grense help 'n persoon om sy individualiteit te behou.
- **Bewustheid (hier-en-nou):** Volle bewustheid is vir enige organisme nodig om sodoende sy mees dominante behoefte te vervul. Indien 'n persoon nie van sy behoefte bewus is nie, kan Gestaltvoltooiing nie plaasvind nie. Bewustheid alleen hou ook terapeutiese waarde in. Bewustheid is 'n belangrike werktuig om in kontak met die self en die omgewing in die hede te wees. Oaklander (1988:146) noem dat ervaring die sleutel tot bewustheid is. Deur 'n verskeidenheid van ervarings aan die kind te verskaf, is 'n belangrike komponent van die terapeutiese proses.

7. TOEPASSING VAN DIE GESTALTTERAPIE

Die toepassing van die Gestaltterapie sal aan die hand van Schoeman(1996:66) bespreek word. Kernaspekte in die benadering by die kind is as volg:

7.1 **Kontakgrens**

Die kind verbreek die kontakgrens as die terapeut te na aan sy emosies en gevoelens kom. Hy kan dit voortdurend verbreek om vir homself ruimte in 'n ongemaklike situasie te skep (weerstand).

7.2 **Bewustheidskontinuum**

Dit gaan hier om die kind se belewenis van die hier-en-nou. Die terapeut moet eers 'n bewustheidsvlak bepaal, voordat terapie met die kind gedoen word. Die bewustheidsvlak van die kind kan bepaal word deur die kind op sensoriese vlak aan te spreek (ruik, hoor, sien, voel, proe).

7.3 Defleksie

Defleksie verwys na weerstand in die vorm van ontkenning. Die kind ervaar dus dat hy 'n probleem het, maar wil nie daaraan werk nie. 'n Kind kan dit wat hy ervaar, verdring.

7.4 Emosies

Die kind se emosionele vlak tydens terapie is belangrik. Die kind se gedrag tydens terapie is aan emosionaliteit gekoppel en help hom om met sy innerlike self in kontak te kom.

7.5 Fantasie

'n Kind kan gewoonlik fantasie nie van sy ervaringswêreld losmaak nie. Dit is vir 'n kind nodig om te fantaseer, sodat hy kan ontspan en homself in 'n ander situasie kan verplaas. Dit gee hom balans binne sy eie Gestalt.

7.6 Figuur-voorggrond

Dit wat vir die kind in die hier-en-nou belangrik is, word na die voorground gebring. Die kind het ook 'n figuur-agtergrond wat wel 'n probleem is wat kan manifesteer. Dit is egter nie so prominent dat dit in die kind se voorground is nie. Sodra die kind se behoefte op die voorground hanteer is, word dit 'n voltooidheid wat veroorsaak dat die voorground verdwyn. Sodra dit plaasvind, kom die agtergrond weer na vore wat as die kind se figuur-voorground manifesteer.

7.7 Introjeksie

Volgens Aronstam (1989:638) is introjeksie die proses waardeur die individu inhoude sonder kritiek vanuit sy omgewing inneem. 'n Kind het nie altyd die volwassenheid om te onderskei nie en sal enigiets glo wat hy van homself

hoor. Baie van hierdie boodskappe is verkeerd en versteur die gesonde ontwikkeling van die kind. Hierdie introjeksies vernietig sy gevoel van die self.

7.8 Projeksie

Dit is 'n neiging om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self ontstaan. Projeksie is 'n tipiese wyse wat kinders het om hul eie ervaring te ontken. Kinders sal leuens vertel en ontken, omdat hulle min egokragte het om verantwoordelikheid vir hul gedrag te aanvaar. Hulle blameer ander. Hulle doen dit deur hulle eie gevoelens op ander te projekteer, omdat dit te moeilik en gevaarlik is om hierdie gevoelens te besit (Oaklander, 1988:145).

Die doel van projeksie behels die volgende:

- dit beeld onverwerkte aangeleenthede uit;
- dit bied 'n manier om selfrespek te behou;
- dit beskerm die kind teen kritiek en verwerping; en
- die kind kommunikeer sy behoeftes op iets anders.

7.9 Retrofleksie

Retrofleksie is die proses waartydens die individu teen homself/haarself draai weens vrees of angs om die ander party te konfronteer. Die individu behandel ander soos hy homself wil behandel. Die kind rig alle energie op homself, en plaas alle blaam en skuld op homself vir dit wat verkeerd loop (Louw, 1982:638).

7.10 "Topdog/Underdog"

Die "topdog" werk altyd met dit wat 'n individu moet doen. Die "underdog" manipuleer deur verskonend en verdedigend te wees. Die "underdog" werk met dit wat 'n individu wil doen en is op die plesierbeginsel gebaseer. Die "topdog/underdog" beginsel is dus 'n bipolariteit en stel "ek moet" teenoor "ek

wil" voor (Thompson & Rudolph, 1992:115).

7.11 Onvoltooidhede ("unfinished business")

Onvoltooidhede is deel van elke individu. Dit is onbevredigende behoeftes, onverwerkte gevoelens of 'n onvolledige situasie by 'n individu wat na die voorgrond tree en 'n wanbalans in die Gestalt teweeg kan bring. Soms word hierdie onvoltooidhede nooit na die oppervlak gebring nie, wat ongemak in die onderbewussyn kan bewerkstellig. Die kind is gewoonlik nie van pynlike en angswekkende emosies bewus nie en dit word uit vrees vir verwerping ontken.

7.12 Polariteite

Polariteite dui op 'n teenstelling van die gegewendheid. Oaklander (1988:157) het aangedui dat elke individu 'n polariteit in hom het. Die mens is byvoorbeeld beide nederig/trots, dapper/bang of dominerend/onderdanig. Die kind raak verward as hy ontdek dat daar polariteite in hom is. Die terapeut moet van gemak na ongemak by die kind beweeg. Die kind moet byvoorbeeld eerste oor bly gevoelens praat, of die polariteit teken (hartseer/bly, goed/sleg, hou van/hou nie van nie).

7.13 Samevloeiing

Tydens samevloeiing ervaar die mens geen grense tussen hom en sy omgewing nie. Op die lange duur is dit negatief aangesien die individu dan nie kan onderskei waar hy begin en ander eindig nie. 'n Kind vereis eendersheid van die terapeut en kan verskille nie verdra nie. Die terapeut beweeg tydens die terapie saam met die kind en sy eie proses. Dit kan egter soms 'n valse gevoel van die self gee, sodat kontak met die realiteit verloor word (Thompson & Rudolph, 1992: 113).

Navorsers is van mening dat probleme dikwels ontstaan weens 'n probleem wat nie in die geïntegreerde geheel ingeskakel kan word nie. Dit is dus duidelik dat

die aspekte wat tot problematiek bydra tydens die terapeut se terapie met die kind in aanmerking geneem moet word.

8. TEGNIEKE IN GESTALTTERAPIE

Volgens Thompson & Rudolph (1992:114) is daar verskeie tegnieke wat in Gestaltterapie gebruik kan word, naamlik:

8.1 **Dialog**

Tydens terapie word spesifieke, doelgerigte taal en vrae gevra ten einde die kliënt van sy eie bewuste bewus te maak. Vrae soos "hoekom?" word vermy omrede die kliënt redes vir sy gedrag kan noem sonder om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Tydens dialoog word alle gesprekvoeringe in die teenwoordige tyd gehou. Dialoog kan ook die volgende behels:

Ek-boodskappe: Dit help die kind om verantwoordelikheid vir sy gedrag, gevoelens en gedagtes te aanvaar, byvoorbeeld: "**Ek** weet hoe dit voel as **my** onderwyser met **my** raas."

- **Verantwoordelikheidneming:** Noem gevolge van gedrag aan die kind, laat hom daarvoor besluit en laat hom die gevolge van sy besluit dra.
- **Verander vrae in stellings:** Vrae kan deur die kind as konfrontasie geïnterpreteer word. Deur stellings te maak, word die kind gehelp om direk te wees in die uitdrukking van hulle emosies en gedagtes, byvoorbeeld: "Ek dink dit moet jou kwaad maak ..."
- **Onvoltooide sinne:** Deur van onvoltooide sinne gebruik te maak, word die kind gehelp om bewus te word van hoe hulle hulself kan help of benadeel, byvoorbeeld: "Ek help myself wanneer ..." of "Ek benadeel myself wanneer ..." (Schoeman, 1996:67).

8.2 Leë-stoeltegniek

Tydens dië tegniek word 'n leë stoel geneem waarin die kind enigiemand of enige onvoltooide deel van homself kan plaas. Die kind tree in gesprek met wie of wat in die stoel geplaas is. Die tegniek is bruikbaar indien 'n kind konflikte tussen hom en ander of innerlike konflik moet hanteer. Deurentyd terwyl die gesprek vloei, kan die terapeut die kind stoele laat omruil en die rol van die ander persoon in die stoel inneem. 'n Gedeelte van die kind word dus op die leë stoel geprojekteer. Daar moet op polariteite gefokus word (sien 7.12) waar die positiewe gevoelens ook uitgewys word. Hierdie tegniek verander egter nie die gedrag nie (Schoeman 1996:67).

Die leë-stoeltegniek help ook om groter bewustheid en helderheid in die terapie te verseker. Onvoltooidhede word dus na die hede gebring waar die ontlading daarvan perspektief by die kliënt kan bewerkstellig.

8.3 Fantasiëspel

Fantasie is vir alle kinders van alle ouderdomsgroepe groot pret. Dit laat hulle van hulle gevoelens bewus word. 'n Tegniek wat hier gebruik kan word, is onder andere:

8.3.1 Pendeltegniek

Schoeman (1996:67) noem dat die kind deur middel van die pendeltegniek homself na 'n situasie kan verplaas wat vir hom baie aangenaam is. Die terapeut kan die kind laat ontspan deur hom byvoorbeeld op sy rug te laat lê en sy oë toe te maak, terwyl hy deur middel van gedagtebeelde homself verplaas. Dit skep ook vir die kind veiligheid.

8.4 Droomwerk

Drome is volgens die Gestaltterapie 'n baie bruikbare tegniek, aangesien geen

direkte manipulasie plaasvind nie. Drome verteenwoordig onvoltooidhede van die persoonlikheid en moet tot 'n eenheid geïntegreer word. Die Gestaltterapie analiseer dus nie 'n droom nie, maar lei die kind om vir sy droom verantwoordelikheid te neem. Die hier-en-nou van die droom is vir die terapeut belangrik aangesien dit die kind se onvoltooide Gestalt kan verklaar en selfbewustheid by die kind kan bewerkstellig.

Die kind kan sy droom(e) in die teenwoordige tyd aan die terapeut oorvertel en dit lei daartoe dat die kind emosioneel betrokke kan raak. Verder kan die kind sy drome uitspeel waar die kind se gevoelens en gedagtes uitgespreek word.

8.5 Sensoriese kontakmaking

Die terapeut kan die kind op die hier-en-nou laat fokus deur van sensoriese kontakmaking gebruik te maak. Die terapeut maak hier gebruik van sintuie (voel, ruik, sien, hoor en proe) (sien ook 5.2.1).

Die volgende is voorbeelde van aktiwiteite met die sintuie vir bewuswording van die self en die omgewing:

- **Aanraking:** Vingerverf, klei, sandspeletjies en aanraking van verskillende teksture.
- **Sien:** Kyk na prente met baie detail, sketse van blomme, vrugte, foto's en 'n spieël.
- **Luister:** Luister na musiek terwyl die kind verf (agtergrondmusiek) of uitkenning van verskillende klanke (voëls, wind, ritsel van blare, water wat kabbel).
- **Proe:** Uitkenning van verskillende smake (soet/suur/bitter/sout) of beskryf geliefkoosde smaak.

- 10.1 - **Ruik:** Laat die kind aan dinge ruik (blomme, parfuum, klere)
(Schoeman, 1996:84).

9. TERAPEUTIESE VERHOUDING

Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:29) en Brammer & Shostrom (1977:161-174) is daar belangrike doelwitte in die bou van 'n terapeutiese verhouding, naamlik:

- Terapeut moet kennis van die probleem dra wat die ouer oorreed om die kind vir speltherapie in te skakel.
- Dit is belangrik om die kind met sy sensoriese, emosionele en kognitiewe behoeftes in kontak te bring.
- Die kind moet gehelp word om sy eie behoeftes deur middel van speltherapie te bevredig. Hy moet ook weet of hy realisties met sy verwagtinge is.
- Die kind moet beseft dat daar situasies tydens die terapie sal wees wat emosioneel pynlik kan wees, maar dat dit vir sy behandeling nodig is.
- Verder moet die kind weet dat hy keuses moet maak en vir sy eie lewe verantwoordelik is.
- Die kind moet gewillig wees om homself met sy omgewing te identifiseer.
- Die terapeut moet 'n studie van die kind se prosesse doen (Hoe hanteer die kind die eise van sy unieke situasie in die hede?).
- Die terapeut moet die kind bemagtig sodat hy selfvertroue het en verantwoordelikheid vir sy eie lewe kan neem.

10. VEREISTES VIR TERAPEUTIESE VERHOUDING

Schoeman & Van der Merwe (1996:30) beweer dat daar belangrike vereistes vir 'n terapeutiese verhouding is, naamlik:

10.1 Bewuswording

'n Kind wat vir terapie gaan, het gewoonlik slegs 'n vae idee van die rede waarom hy daar is. Sy ervaring van die terapeutiese situasie moet dus bepaal word en sy bewuswording daarvan moet verhoog word. Die terapeut moet bepaal wat die kind op daardie spesifieke oomblik ervaar. Schoeman & Van der Merwe (1996:30) beweer bewuswording is " ... a form of experiencing. It is the process of being in vigilant contact with the most important event in the individual environment field with sensorimotor, emotional, cognitive and energetic support."

Elke ervaring van die kind (sien, proe, hoor, ruik, voel) het 'n emosionele element. Dit is die terapeut se taak om die kind hiervan bewus te maak.

10.2 Tydsbenutting

Tydens terapie moet die terapeut teen haastigheid waak. Vanweë die feit dat die hede die fokuspunt in die kind se probleemoplossing is, moet die terapeut daarteen waak om die kind aan te jaag. Die kind moet self die tyd en die pas van die terapeutiese sessie bepaal. Die kind het meer tyd as volwassenes nodig om dinge te deurdink en om sy verbeelding uit te leef. Sodra die kind beleef dat hy 'n onvermoë het om 'n gegewe taak binne 'n bepaalde tyd te bemeester, kan hy ontoereikend voel. Die gevolg kan wees dat die kind kan weier om verder deel van die terapeutiese spel te wees.

10.3 Ekwilibrium

Om in ekwilibrium te wees, is 'n belangrike faktor vir die kind. Die kind is heeldyd bewus van wat ander mense van hom dink. Die gevolg is dat hy in ekwilibrium wil wees, met ander woorde hy gee eerder aan sy uiterlike as aan sy innerlike behoeftes toe. Indien die kind optree om aanvaar te word ten koste van sy eie behoeftes (maak valse beloftes), is daar 'n onderdrukking van behoeftes, en 'n stryd tussen aanvaarding en sy eie werklike behoeftes. Dit

kan dus gebeur dat die kind die verkeerde boodskap aan die terapeut oordra.

10.4 Vriendskap

Die terapeut moet die kind se speelmaat en vriend word. Dit is ook die belangrikste oogmerk van die terapeutiese verhouding. Die terapeut moet volgens die Gestalt, die kind as 'n gelyke hanteer so ver dit moontlik is (byvoorbeeld: wanneer die kind onregverdig in sy houding is, mag die terapeut hom op sy onregverdigheid wys). Die vriendskapsverhouding word gewoonlik deur gee en neem gekenmerk. Sodra die kind hier die dinamika begryp, ervaar hy 'n gevoel van gelykheid en gemak.

10.5 Kontakmaking

Kontak behels 'n verbintenis met die omgewing sowel as die self. 'n Kind wat 'n boek lees, is in kontak met die boek. Dit is noodsaaklik dat die terapeut soortgelyke kontak met die kind het om die ek/jy-verhouding te vergemaklik. Die terapeut is dus ook in kontak met haarself (bewus van eie emosies en denkprosesse). Dit beteken dat die terapeut ten volle betrokke is (Oaklander, 1988:148).

Volgens die navorser kan die fokus van terapie wees om die kind te help om kontak met die terapeut te behou. Die terapeut kan met enigiets begin wat die kind interesseer, al blyk dit geen terapeutiese waarde te hê nie.

10.6 Geduld

Die terapeut moet ten alle tye teen die kind se tempo beweeg. Die terapeutiese verhouding moet dus eers gevestig wees voor terapie begin kan word (Axline, 1969:125).

10.7 Vorme van spel

Die terapeut moet vorme van spel gebruik wat wel deur die kind bemeester kan word, en aan hom bekend is (byvoorbeeld: gebruik klei as spelmedium vir die kind met koördineringsprobleme). Die terapeutiese verhouding kan deur die gebruik van spel opgebou word aangesien dit 'n vlak van kommunikasie en vrye uitdrukking is wat vir die kind aanvaarbaar is (Landreth, 1991:197).

10.8 Grense

Volgens McMahon (1992:67) moet die terapeut reeds aan die begin van die terapie aan die kind noem dat daar sekere grense is, byvoorbeeld:

- Kind moenie homself en die speelgoed beskadig nie.
- Kind moet terapeut help om na afloop van die sessie op te ruim.
- Terapeut moet die kind vooraf waarsku dat daar 'n tydsbeperking is, sodat die aktiwiteit voltooi kan word en dus ook sy Gestalt.
- Terapeut moet noem watter gedrag aanvaarbaar is en hoe ver die terapeut die kind gaan toelaat om aggressief op te tree.

Grense is nodig vir die stel van 'n warm, aanvaarbare en nie-veroordelende atmosfeer. Elke terapeut bepaal egter sy eie toleransievlak vir reëls en regulasies (West, 1992:137).

10.9 Vertroulikheid

Inligting wat die kind aan die terapeut tydens spel voorsien, moet ten alle tye as vertroulik bestempel word. Volgens McMahon (1992:63) moet die kind weet wat die terapeut vir ander vertel. Eerlikheid is dus belangrik en die kind se toestemming moet verkry word voordat enige inligting aan enige ander persoon oorgedra of vertel word.

Indien mishandeling of seksuele molestering na vore kom, moet die terapeut wel hierdie inligting in belang van die kind se veiligheid deel. Met minder sensitiewe inligting kan die kind by samesprekings betrek word om sodoende aan hom beheer te gee en vertroue te behou (West, 1992:32).

Vertroulikheid is 'n sensitiewe, maar belangrike aspek van die terapeutiese verhouding. Dit moet met oorleg en versigtigheid deur die terapeut aangewend word.

11. ROL VAN DIE TERAPEUT

Thompson & Rudolph (1992:113) en Papalia (1985:560) se mening ten opsigte van die terapeut se rol is oorvleulend en behels die volgende:

- Die terapeut moet die kliënt se bewustheid in die hier-en-nou fasiliteer. Die kind moet dus eerder die hede as die verlede verstaan en ervaar.
- Die kliënt moet gehelp word om met nuwe gedrag te eksperimenteer.
- Die terapeut moet menslik en eg wees aangesien die kliënt veilig moet voel om sy diepste gevoelens te ontdek.
- Die kind moet tot die bewuswording van kontraste in sy gedrag gelei word (byvoorbeeld deur nie-verbale gedrag).

12. VOORDELE VAN DIE GESTALTTERAPIE

Volgens die navorser is daar verskeie voordele van die Gestaltterapie, naamlik:

- Intuïtiewe denke by kinders en volwassenes word deur fantasie bevorder.
- Die leë-stoeltegniek kan met groot sukses gebruik word om aggressie en onvoltooidhede te hanteer.
- Die Gestaltbenadering by terapie met kinders word aanbeveel. Projeksie word veral gebruik om die kind se bewustheid te ontwikkel (Thompson &

Rudolph, 1992:116).

- Die verskeie tegnieke en verskeidenheid ten opsigte van die toepassing daarvan maak die Gestaltterapie buigsaam.
- Die terapeut kan individualiteit by elke kliënt bewerkstellig vanweë die verskeidenheid tegnieke: Individualiteit is vir elke kliënt sowel as die terapeutiese sessie uiters belangrik.
- Die terapie is prakties toepaslik: Die benadering en werkwyse berus op die individuele besluit van die terapeut.

13. LEEMTES IN DIE GESTALTTERAPIE

Volgens die navorser is daar ook verskeie leemtes in die terapie en kan dit soos volg beskryf word:

- Die terapie werk slegs met die hede en loop die risiko om 'n korttermyn oplossing te word. Dit is die gevolg van verskeie probleme wat die kliënt ervaar.
- Gestaltterapie is nie aangewese vir alle kliënte nie. Vir individue met gebrekkige impulsbeheer, misdadige neigings en uitreagerende gedrag word ander benaderings vereis. Gestaltterapie kan juis hierdie aktiwiteite versterk wat probleme veroorsaak (Thompson & Rudolph, 1992:126).
- Diepgaande teoretiese kennis en opleiding is nodig om toe te sien dat Gestaltterapeute hul werk met verantwoordelikheid en sensitiwiteit kan doen.

14. SAMEVATTING

Die Gestaltterapie is hoofsaaklik deur Fritz S. Perls ontwikkel, en fokus grootliks op die hier-en-nou en 'n persoon se bewuswording van homself en sy omgewing. Die Gestaltterapie maak 'n integrale deel van die navorser se speltherapie met die kind uit en die volgende punte kan uitgelig word:

- Gestaltterapie fokus op 'n persoon as 'n geheel wat uit die fisiese, psigiese, emosionele en intellektuele bestaan. Onvoltooidheid word deur 'n persoon ervaar wanneer sy Gestalt in wanbalans is. Homeostase moet bewerkstellig word om die persoon se Gestalt te herstel.
- Daar word op die kind se kontakfunksies gefokus wat 'n persoon met die hede in aanraking bring. Dit kan gedoen word deur van sensoriese kontakmaking en sintuiglike waarneming gebruik te maak (ruik, sien, hoor, voel, proe). Daardeur word die kind gedwing om op die hede te fokus.
- Dit is noodsaaklik dat bemeestering by die kind verhoog word, sodat beheer aan die kind teruggegee kan word. Dit hou met die kind se bewustheid van homself asook selfaanvaarding verband.
- Verder fokus die Gestaltterapie op elke persoon se unieke proses. Gestaltterapie word gerig deur die uitdrukking van gevoelens, selfvertroeteling, selfonderhouding en die bepaling van grense.
- Tydens die Gestaltterapie word 'n aantal tegnieke gebruik waaronder dialoog, leë-stoeltegniek, fantasiespel en droomwerk. Die tegnieke wat gebruik word lei die persoon tot groter bewustheid van sy eie proses. Dit bring hom sodoende in kontak met homself en sy omgewing. Die persoon se Gestalt word dus voltooi.
- Die terapeutiese verhouding speel 'n belangrike rol tydens die Gestaltterapie en is daar verskeie aspekte wat aandag moet geniet naamlik: die terapeut se tydsbenutting van elke sessie, vlak van verhouding en vertroulikheidsaspek. Die terapeut moet die persoon se bewustheid in die hier-en-nou fasiliteer.
- Die Gestaltterapie hou verskeie voordele in naamlik: nuwe denke word gevorm, dit is buigbaar, prakties toepaslik en dit bevorder individualiteit.

- Die Gestaltterapie het ook leemtes en sluit die volgende in: dit fokus slegs op die hede, is nie aangewese vir alle kliënte nie en loop dit die risiko om korttermynoplossings te bied.

Die Gestaltterapie blyk in kontras met ander benaderings te wees en poog om verhoogde persoonlike en interpersoonlike bewustheid te bewerkstellig.

Die volgende studie was kwalitatief van aard. In aansluiting met die voorafgaande teoretiese hoofstuk en op grond van die feit dat in veral die eerste helfte van die 20ste eeu, word die volgende hipotese gemaak, naamlik:

Die kinders wat in pleegsorg geplaas word, ontwikkel aanpassingsprobleme.

Die studie is kwalitatief van aard en het gebruik gemaak van die volgende metode: die gebruik van die fenomenologiese metode. Die doel van die studie was om te verstaan hoe die kinders wat in pleegsorg geplaas word, hul lewenservarings beskryf. Die studie is kwalitatief van aard en het gebruik gemaak van die volgende metode: die gebruik van die fenomenologiese metode.

Die doel van die studie is om te verstaan hoe die kinders wat in pleegsorg geplaas word, hul lewenservarings beskryf. Die studie is kwalitatief van aard en het gebruik gemaak van die volgende metode: die gebruik van die fenomenologiese metode.

Die doel van die studie is om te verstaan hoe die kinders wat in pleegsorg geplaas word, hul lewenservarings beskryf. Die studie is kwalitatief van aard en het gebruik gemaak van die volgende metode: die gebruik van die fenomenologiese metode.

2. OPSOMMING VAN GEVALLESTUDIES

Identifiseer die besonderhede oor die onderskeie gevallestudies in tabel 1.1 en 1.2. Die tabel is in tabel 1.1 en 1.2 ingesamel en word vervolg in die onderstaende tabel 1.3.